Rapport
25/11/2006 17:56 - (SA)
Superkelners om rowers te fnuik
PEET VAN AARDT

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend

Johannesburg

Moenie jou kelner sommer op sy hemp en onderbaadjie takseer nie, want onder daardie diensuitrusting staan straks ’n goed opgeleide wag wat rowers sommer gou op hul plek kan sit.

Die ontstellend baie rooftogte vanjaar by restaurante het re-stauranteienaars genoop om meer kreatief te raak oor veiligheid. En een van hul slim planne is om kelners met ’n bietjie meer skop in diens te neem.

Veiligheidswagte wat hulle voordoen as kelners of klante word nou by sommige restaurante ingespan om die veiligheid van werklike uiteters te verseker.

Gewapende rowers het vanjaar reeds 300 keer op restaurante toegeslaan. En die Kerstyd lê nog voor.

Daarom, sê me. Wendy Alberts, hoof van die Restaurantvereniging van Suid-Afrika (Rasa), het eetplekke nou kamma-kelners in diens begin neem. Sy wil nie verklap watter restaurante dit doen nie omdat die sukses van die plan juis in die verrassingselement lê.

“Ons wil nie hê die boewe moet die wagte kom uittart nie,” sê sy.

’n Woordvoerder van ’n veiligheidsmaatskappy het egter aan Rapport bevestig sy wagte word by restaurante ingespan en dat hulle “spesiale opleiding” ontvang om onopsigtelik in die eetplekke te wees.

Hulle het selfs internasionale hulp gekry oor hoe om sulke geheime operasies uit te voer.

Veral die wagte se mensvaardighede word opgeknap en hulle verrig wél die gewone take van ’n kelner, soos borde aandra en drankies skink.

“Hulle leer baie oor klanteverhoudinge en hoe om mense op hul gemak te laat voel. Ons stuur nie enige aap in om die werk te doen nie,” sê die woordvoerder.

“Die wagte is ywerig en op en wakker omdat hulle in hoë-risiko-omstandighede werk.”

Die wagte dra nie vuurwapens of radio’s aan hulle nie, want dit sal hulle weggee. Hulle bly egter in selfoonverbinding met hul maatskappy en sal hulp ontbied in die geval van ’n rooftog.

Rapport
25/11/2006 17:56 - (SA)
Superkelners om rowers te fnuik
PEET VAN AARDT

Johannesburg

Moenie jou kelner sommer op sy hemp en onderbaadjie takseer nie, want onder daardie diensuitrusting staan straks ’n goed opgeleide wag wat rowers sommer gou op hul plek kan sit.

Die ontstellend baie rooftogte vanjaar by restaurante het re-stauranteienaars genoop om meer kreatief te raak oor veiligheid. En een van hul slim planne is om kelners met ’n bietjie meer skop in diens te neem.

Veiligheidswagte wat hulle voordoen as kelners of klante word nou by sommige restaurante ingespan om die veiligheid van werklike uiteters te verseker.

Gewapende rowers het vanjaar reeds 300 keer op restaurante toegeslaan. En die Kerstyd lê nog voor.

Daarom, sê me. Wendy Alberts, hoof van die Restaurantvereniging van Suid-Afrika (Rasa), het eetplekke nou kamma-kelners in diens begin neem. Sy wil nie verklap watter restaurante dit doen nie omdat die sukses van die plan juis in die verrassingselement lê.

“Ons wil nie hê die boewe moet die wagte kom uittart nie,” sê sy.

’n Woordvoerder van ’n veiligheidsmaatskappy het egter aan Rapport bevestig sy wagte word by restaurante ingespan en dat hulle “spesiale opleiding” ontvang om onopsigtelik in die eetplekke te wees.

Hulle het selfs internasionale hulp gekry oor hoe om sulke geheime operasies uit te voer.

Veral die wagte se mensvaardighede word opgeknap en hulle verrig wél die gewone take van ’n kelner, soos borde aandra en drankies skink.

“Hulle leer baie oor klanteverhoudinge en hoe om mense op hul gemak te laat voel. Ons stuur nie enige aap in om die werk te doen nie,” sê die woordvoerder.

“Die wagte is ywerig en op en wakker omdat hulle in hoë-risiko-omstandighede werk.”

Die wagte dra nie vuurwapens of radio’s aan hulle nie, want dit sal hulle weggee. Hulle bly egter in selfoonverbinding met hul maatskappy en sal hulp ontbied in die geval van ’n rooftog.